

ONGEOUDITEERDE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2010

Registrasienommer:1998/007577/06

NWK BEPERK • LIMITED SEDERT • SINCE 1909

Jóú greep op die mark

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

	28 Febr 2010 (geouditeer) R'000	28 Febr 2009 (geouditeer) R'000
Bates		
Niebedryfsbates	**498 385**	355 144
Niefinansiële bates	**440 940**	278 299
Finansiële bates	**57 445**	76 845
Bedryfsbates	**1 909 611**	1 996 121
Niebedryfsbates vir verkoop gehou	**183**	117
Totale bates	**2 408 179**	2 351 382
Ekwiteit en laste		
Ekwiteit	**1 108 114**	1 028 793
Aandelekapitaal	**143 032**	143 032
Reserwes	**965 082**	885 761
Niebedryfslaste	**62 411**	10 136
Uitgesteldebelasting-aanspreeklikheid	**9 779**	9 825
Langtermynlenings en -voorsienings	**52 632**	311
Bedryfslaste	**1 237 654**	1 312 453
Totale ekwiteit en laste	**2 408 179**	2 351 382

INKOMSTESTAAT

Inkomste	**4 218 388**	6 179 396
Wins voor finansieringskoste	**260 165**	313 501
Finansieringskoste	**(94 758)**	(75 538)
Wins na finansieringskoste	**165 407**	237 963
Ekwiteitsverantwoorde verdienste	**2 577**	2 437
Wins voor inkomstebelasting	**167 984**	240 400
Inkomstebelasting	**(49 253)**	(71 004)
Wins uit voortgesette bedrywighede	**118 731**	169 396
Wins uit eindigende bedrywighede	**–**	22
Wins vir die jaar	**118 731**	169 418

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

Wins vir die jaar	**118 731**	169 418
Ander omvattende inkomste	**2 069**	29
Totale omvattende inkomste	**120 800**	169 447

STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

Totale omvattende inkomste	**120 800**	169 447
Verandering van belang in geassosieerde maatskappy	**–**	(119)
Dividende betaal	**(41 479)**	(47 201)
Netto verandering in ekwiteit	**79 321**	122 127

VERHOUDINGS

Netto batewaarde per aandeel (sent)	**774,7**	719,3
Verdienste per aandeel (sent)	**83,0**	118,4
Dividend per aandeel betaal (sent)	**29,0**	33,0
Dividend per aandeel voorgestel (sent)	**25,0**	20,0
Geweegde gemiddelde getal aandele uitgereik	**143 031 971**	143 031 971

KONTANTVLOEISTAAT

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**45 864**	(468 306)
Kontantvloei uit bedrywighede	**151 652**	(379 803)
Finansieringsinkomste	**114 659**	111 582
Finansieringskoste	**(94 758)**	(75 538)
Inkomstebelasting betaal	**(84 210)**	(77 346)
Dividende betaal	**(41 479)**	(47 201)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(119 870)**	(58 422)
Eiendom, aanleg en toerusting gekoop	**(141 229)**	(88 054)
Ontasbare bates gekoop	**(1 471)**	(1 958)
Belang in geassosieerde maatskappy gekoop	**–**	(75)
Opbrengs by die vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting	**2 461**	5 233
Lenings	**18 583**	26 403
Dividendinkomste	**1 786**	29
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**(171 629)**	(19 931)
Korttermynlenings	**(202 651)**	(18 373)
Langtermynlenings	**31 022**	(1 558)
Verandering in kontant en kontantekwivalente	**(245 635)**	(546 659)

SEGMENTINLIGTING

	28 Febr 2010 (geouditeer) R'000	28 Febr 2009 (geouditeer) R'000
Segmentinkomste	**4 218 388**	6 179 396
Graan	**2 091 324**	4 080 334
Handel	**1 297 640**	1 608 862
Nywerhede	**1 235 320**	1 439 825
Hoenderboerdery	**17 361**	–
Krediet	**195 195**	170 587
Konsolidasie-aanpassings	**(618 452)**	(1 120 212)
Segmentresultate	**167 984**	240 400
Graan	**104 360**	73 418
Handel	**34 149**	112 830
Nywerhede	**23 838**	10 082
Hoenderboerdery	**(8 641)**	(2 033)
Krediet	**48 984**	81 761
Netto korporatiewe uitgawes	**(35 521)**	(33 087)
Konsolidasie-aanpassings	**815**	(2 571)

KAPITAALVERBINTENISSE

Gekontrakteerde verpligtinge vir die aankoop, oprigting of vervaardiging van niebedryfsbates	**44 627**	107 275
Aankoop, oprigting of vervaardiging van niebedryfsbates deur die Direksie of Bestuur goedgekeur waarvoor nog geen kontrakte aangegaan is nie	**46 864**	30 248
Totale kapitaalverbintenis	**91 491**	137 523

REKENINGKUNDIGE BELEID

Die rekeningkundige beleid wat deur die maatskappy toegepas word, stem in alle wesenlike opsigte met dié van die vorige jaar ooreen.

FINANSIËLE JAAREINDE

Die Direksie het op 19 Februarie 2010 besluit om die finansiële jaareinde van die groep te wysig na 30 April.

VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

Inkomste uit die verkope van goedere en dienste aan die direkteure, bestuurslede, sekretaris en direkteure van die beheermaatskappy	**42 103**	58 617
Graanaankope by die direkteure en direkteure van die beheermaatskappy	**56 876**	14 067
Handelstransaksies met verwante partye	**98 979**	72 684
Vergoedings betaal aan die direkteure, bestuurslede, sekretaris en direkteure van die beheermaatskappy	**9 992**	8 683

VERGELYKENDE SYFERS

Die groep het kommoditeitsgebaseerde korttermynleningsfasiliteite by ABSA Korporatiewe en Besigheidsbank en Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk. Ingevolge die leningsfasiliteite kan die groep korttermynlenings wat gesekureer word deur middel van verkoops- en terugkoopooreenkomste oor die graanvoorraad van die groep wat op die JSE verhandelbaar is, by dié banke aangaan. Die filiaal NWK Graan (Eiendoms) Beperk het die transaksies in die voorafgaande jaar as koop- en verkoopstransaksies verantwoord. Die vergelykende syfers van inkomste uit verkope en koste van voorraad as uitgawe erken is beide met R452 miljoen afwaarts aangepas om die wese van die transaksies, dit wil sê finansieringstransaksies, weer te gee.

VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Daar bestaan 'n voorwaardelike aanspreeklikheid as gevolg van 'n dispuut tussen NWK Beperk en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens aangaande die belastingaftrekbaarheid van rente op die kommoditeitsgebaseerde lening aan Slab Trading Company (Eiendoms) Beperk van R96,4 miljoen. Rente ten bedrae van R74,7 miljoen is sedert 1999 tot met die aflossing van die lening op 28 Februarie 2003 as uitgawe erken. Aangesien die Suid-Afrikaanse Inkomstediens van mening is dat 'n gedeelte van die rente nie as 'n aftrekbare uitgawe kwalifiseer nie, is gewysigde inkomstebelastingaanslae vir die betrokke jare deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens uitgereik. NWK Beperk het appèl aangeteken teen die inkomstebelasting, addisionele inkomstebelasting en rente ten bedrae van R94,2 miljoen (R83,7 miljoen). Die Inkomstebelasting Spesiale Hof het ten gunste van die maatskappy beslis. Die aangeleentheid is egter nog nie afgehandel nie, aangesien die Suid-Afrikaanse Inkomstediens tans besig is om teen die uitspraak te appelleer.

Die Mededingingskommissie het 'n ondersoek gedoen na die aanvanklike en jaarlikse vasstelling van die SAFEX-dagtariewe. Die Mededingingskommissie is van mening dat die silo-eienaars uit hoofde van hulle lidmaatskap by GSI saamgespan het om SAFEX se dagtariewe vas te stel. Die Mededingingskommissie het ook 'n ondersoek gedoen na beweerde niemededingende optrede wat voortspruit uit 'n ooreenkoms wat in April 2005 tussen NWK Beperk en Rand Aksepbank aangegaan is. Die Mededingingskommissie beweer dat die twee partye ooreengekom het om nie in 'n bepaalde gebied in kompetisie met mekaar te handel nie. Die Mededingingskommissie is van voorneme om die twee aangeleenthede na die Mededingingstribunaal vir 'n beslissing te verwys. Die moontlike finansiële effek, sowel as die tydsverloop van die proses, kan tans nie akkuraat bepaal word nie. Die maatskappy is van voorneme om negatiewe beslissings teen te staan.

Die Surpluswetgewing ten opsigte van aftreefondse (wat op 7 Desember 2001 terugwerkend in werking getree het) bepaal dat alle lede wat sedert 1 Januarie 1980 uit 'n aftreefonds getree het in ag geneem moet word by enige surplusverdeling sedert die laasgenoemde datum. Surplusaanwendings wat nie aan die vereiste voldoen nie, word as "onbehoorlik" geag en voormalige lede wat nie in sodanige surplusse gedeel het nie, moet vergoed word. Die surplusskema van die NWK-Pensioenfonds is deur die Registrateur van Pensioenfondse afgekeur en daar word tans verdere regsadvies hieroor ingewin. Die aktuariële waardasie van die moontlike onbehoorlike gebruik van die surplus bedra R41,3 miljoen.

DIVIDENDE

Die direkteure stel 'n finale dividend, dividend nommer 29, van 25 sent per aandeel voor wat betaalbaar is aan alle aandeelhouers wat by kantoorsluiting op 7 Junie 2010 in die boeke van die maatskappy geregistreer is. Die dividend is onderworpe aan goedkeuring daarvan deur die aandeelhouers op die algemene jaarvergadering, is betaalbaar op of om en by 6 Augustus 2010, en aandeelhouerrekenings sal daarmee gekrediteer word.

DIREKTEURE EN AMPTENARE

H Krüger (Voorsitter), L Vermooten (Ondervoorsitter), FH Badenhorst, JP du Preez, JF van der Merwe en CF van Niekerk.

DF Marais (Besturende Direkteur), JA Grobbelaar (Direkteur: Graan), DW Lotter (Direkteur: Handel), TE Rabe (Finansiële Direkteur), PD Jacobs (Hoofbestuurder: Nywerhede) en JG Steyn (Groepsekretaris).

ADMINISTRASIE

Geregistreerde adres
Scholtzstraat 81, Lichtenburg, 2740

www.nwk.co.za

Posadres
Posbus 107, Lichtenburg, 2740

Aandeleverhandeling en oordragsekretaris
NWK Sekretariaat, Posbus 107, Lichtenburg, 2740

MAGTIGING

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 is op 7 Junie 2010 deur die Direksie vir uitreiking gemagtig en word namens die Direksie onderteken deur:

H Krüger (Voorsitter) — DF Marais (Besturende Direkteur)
7 Junie 2010

KOMMENTAAR

Sedert NWK se ontstaan meer as 'n eeu gelede, het NWK 'n goed gediversifiseerde landbouonderneming geword met 'n groeiende klantebasis in primêre landbou, kleinhandel en in die voedselverwerkingsbedryf. Die afgelope jaar was 'n toets vir NWK se veerkragtigheid, maar ten spyte van die globale ekonomiese insinking, lae graanpryse en verskeie ekonomiese faktore, lewer die NWK-groep 'n sterk onderliggende finansiële prestasie.

Die besigheidsmodel van gedifferensieerde inkomstestrome het weereens 'n bewys gelewer van die belangrikheid daarvan onder moeilike handelstoestande.

NWK is tot 'n groot mate onlosmaaklik deel van die primêre produsent se voor- of teëspoed. Die relatiewe lae graanpryse die afgelope tyd gaan waarskynlik tot gevolg hê dat produsente vanjaar, ten spyte van 'n goeie oes, oor die algemeen sukkel om 'n wins te maak. NWK het daarom 'n groter voorsiening gemaak vir oninvorderbare skulde en die daling in kommoditeitspryse het ook aanpassings in voorraadwaardes tot gevolg gehad.

Laer rentekoerse het die NWK-groep se verdienste uit produksielenings ook wesenlik benadeel. Hierdie faktore het onder andere aanleiding gegee tot 'n 32% daling in die groep se inkomste tot R4,2 miljard en 'n 30%-daling in die wins voor belasting tot R168 miljoen.

Die netto batewaarde het gestyg tot 774,7 sent per aandeel en die Direksie het 'n finale dividend van 25 sent per aandeel goedgekeur. Die totale dividend vir die jaar beloop 34 sent per aandeel, wat 'n nabelaste opbrengs van 8,6% vir NWK Beperk en 12,6% vir NWK Beherend Beperk se aandeelhouers, bereken op die laaste verhandelingspryse van aandele vir die jaar onder oorsig, beteken.

VOORUITSIGTE

Produsente is blootgestel aan pryse wat hul finansiële oorlewing bedreig. Hiermee saam kan produsente weens finansiële druk hul produksie gedurende die komende seisoen inkort, wat voedselsekerheid in gedrang kan bring en ook negatief kan impakteer op die resultate van die NWK-groep. Hierteenoor is NWK gerat om voordeel te trek uit inisiatiewe wat reeds in plek is en behoort 'n groter oordragvoorraad van graan en 'n verwagte bo-gemiddelde oes die Graandivisie te bevoordeel. Opti Chicks gaan vanjaar in volle produksie kom en behoort 'n goeie bydrae te lewer tot die groepswins. Laer insetpryse en ander inisiatiewe behoort die kontantvloei wesenlik te verbeter.

www.infoworks.biz